SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
KWA-ZULU NATAL
Echo 5/2018

AAN/TO: SAOU WERKPLEKVERTEENWOORDIGERS / SAOU SHOP STEWARDS
AANDAG: ATTENTION: ALLE SAOU LEDE / ALL SAOU MEMBERS

E.G. Jansen Redenaarskompetisie

Ons het redelik baie inskrywings ontvang in al die kategorieë en ons wil net vir al die skole dankie sê vir die bereidwilligheid om die leerders weer geleentheid te gee om te kan deelneem.

Die finale inligting sal die deelnemende skole eersdaags bereik. Ons sien uit om weer na ons deelnemers te luister.

E.G. Jansen Debate Competition

We have received numerous entries in all categories and we just want to thank all the schools for their willingness to give the learners the opportunity to participate again.

The final information will soon reach the participating schools. We look forward to listening to our participants.

Opvolg - onbetaalde Tydelike opvoeders.

Dit was verblydend om te verneem dat meeste van ons Tydelike opvoeders wel toe deur die DvO betaal was aan die einde van Januarie. Verdere goeie nuus was die uitreiking van HRM 6 van 2018 wat die aanstellingsproses van Tydelike opvoerders bespoedig.

Indien daar nog enige Tydelike opvoeders is wat nog nie 'n Dept. salaris vir Januarie ontvang het nie, kontak asseblief so spoedig moontlik die Kantoor (InnesK@saou.co.za) vir verdere opvolging.

Update - non-payment of Temporary Educators

It was gratifying to hear that most of our Temporary educators were paid by the DoE at the end of January. Further good news was the issuing of HRM 6 of 2018, which accelerated the appointment process of Temporary Educators.

If there are still any Temporary Educators who has not yet received a Dept. salary for January, please contact the Office (InnesK@saou.co.za) as soon as possible for further follow-up.

Lede Informasie

Kommunikasie met ons lede is van uiterste belang. Daarom versoek ons dat die SAOU-lede hulle kontakinligting kontroleer.
Let asseblief veral op na die volgende:

1. Korrektheid en verandering van naam, (veral waar 'n dame getrou het), selnommer en E-posadres.
2. Statusverandering, m.a.w. indien 'n lid 'n Beheerliggaamaanstelling gehad het en nou 'n permanente departementele pos beklee, of andersom.
3. Indien 'n lid in 'n tydelike aanstelling was en nou permanent departementeel aangestel is.

Members'information

Communication with our members is of utter importance. Therefore, we require that SAOU members update their personal information.
Please take note of the following:

1. Correctness and change of name, surname (in the case of marriage), cell number and Email address.
2. Change of status – Governing body appointment to permanent appointment, or vice versa.
3. If a member was in a temporary post and is now appointed in a permanent departmental post.

4. Indien 'n onderwyser, wat reeds lid is van die SAOU, van 'n ander provinsie skuif, moet daar ook 'n nuwe aansoekvorm om lidmaatskap voltooi word. Na voltooiing kan die vorm na die Kantoor deurgestuur word (saoukzn@saou.co.za).
5. Lede moet asseblief hulle salarisstrokies nagaan. Indien daar 'n tweede aftrekking van R96,95 vir PSCBC (agency) verskyn, beteken dit dat u nie by 'n vakbond geregistreer is nie. Indien u by die SAOU aansluit, sal die aftrekking deur die SAOU aftrekking van R95,71 vervang word.

Indien u bewus is van enige lid wat nie inligting ontvang nie, versoek hulle om asseblief die Kantoor te kontak.

4. If an existing SAOU member relocates from another province, a new SAOU membership application form must be completed. Completed forms can be sent back to the Office (saoukzn@saou.co.za).
5. Members must regularly check their salary slips. If there is a second PSCBC (agency) deduction of R96,95, it means that you are not registered with any union. If you join the SAOU, the second PSCBC (agency) deduction will be replaced by a SAOU deduction of R95,71.

If you are aware of any member not receiving any information, please let them notify the Office.

Admin Personeel – SA-SAMS

Ons het redelik baie navraag ontvang van Admin. Personeel rakende SA-SAMS. Dit blyk dat baie Admin. Personeel nie tenvolle vertroud is met die rekenaar program nie.

Indien daar wel Admin. Personeel is wat voel dat hulle hulp en raad nodig het, kan u gerus vir Mev. Christa Human kontak (ChristaH@saou.co.za). Ons beoog om werkswinkels vir Admin. Personeel te reël en by te staan waar nodig.

Admin Staff – SA-SAMS

We received numerous queries from Admin. Staff regarding SA-SAMS. It seems that some Admin. Staff are not totally comfortable with the computer program.

If there are Admin. Staff who feel that they need help and advice, please feel free to contact Mrs. Christa Human contact (ChristaH@saou.co.za). We aim to conduct workshops for Admin. Staff to support and assist where necessary.